

In Paulus se tyd het daar 'n vreemde ding in die stad Korinte gebeur, 'n soort grillerige mediese verskynsel. Op 'n dag het 'n klomp liggame wat baie vreemd gelyk het, hulle verskyning gemaak. Party van hierdie liggame het net bestaan uit 'n klomp oë. Dan was daar weer 'n klomp neuse bymekaar. So was daar ook 'n groep arms, ore en hande. Almal van hierdie groepe het gedink dat hul die mooiste en beste was.

Die skokkendste van hierdie vreemde verskynsel, was dat dit in die gemeente gebeur het.

Waar kom hierdie fratsverskynsel in Korinte vandaan? As ons die eerste brief aan die Korintiërs vinnige deurblaai, sien ons dat sommige gemeentelede begin dink het dat hulle beter en belangriker as ander is. Die kollig in die kerk moes deurentyd op hulle, al hulle indrukwekkende gawes en die baie voortreflike dinge wat hulle doen, val. As gevolg hiervan het die kollig algaande weg van God en medegelowiges na individuele gelowiges begin verskuif. Individuele gelowiges het vir hulle 'n sterstatus in gemeente toegeëien. Dit het 'n verskeurde kerk tot gevolg gehad, 'n liggaam wat in stukke geruk is. Al die neuse was op 'n hoop en so ook al die bene, hande, voete en ore.

Paulus neem met skok kennis van die situasie in Korinte. Hy reageer op die selfgesentreerdheid van sekere Christene en hy vergelyk die gemeente met 'n liggaam. Die gemeente is een liggaam. Ons is een want ons het een God wat ons saamvoeg. Ons lees in 1 Kor 12:18 "Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê."

Ons het een Verlosser, Jesus Christus. Hy is ook hoof van die gemeente. Ons lees in 1 Kor 12:12 en 27: "12Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus." "27Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan."

Ons is die een liggaam van Christus. Ons dien Hom.

Ons het een Heilige Gees as liggaamsbouer. Die eerste fase van die Heilige Gees se liggaamsbouprogram in die kerk is dat die Gees aan ons almal een of meer gawes gee. Die genadegawes van die Heilige Gees sluit sogenaamde sogenaamde "gewone gawes" soos dienslewering, hulpverlening en onderrig in. Dan is daar ook "buitengewone gawes" soos die doen van wonders, spreek in tale en genesings.

Dit is juis hulle met die sogenaamde buitengewone gawes wat die moeilikheid in die gemeente veroorsaak het. Die gawes het by sommige lede van die gemeente in Korinte tot openbare vertoon en hoogmoed aanleiding gegee. Sommige gemeentelede het vergeet dat alle gawes 'n geskenk van die Heilige Gees is. Hulle dink en leef asof hulle beter en belangriker as die ander gemeentelede is.

Paulus is nie gekant teen buitengewone gawes nie. Maar hy laat die gemeente duidelik verstaan dat een gawe nooit belangriker as 'n ander is nie. Hy maak dit duidelik dat die doel van gawes is om die kollig weg van jouself op God en medegelowiges te laat val.

En dit is die tweede fase van die Heilige Gees se liggaamsbouprogram.

Hy het aan elkeen van ons gawes gegee om God te verheerlik en ander mense te dien. Die Heilige Gees verander my van 'n selfsugtige wese wat dink dat die ganse heelal om my en my eie behoeftes draai, na iemand wat besef dat God en ander mense belangriker is as ekself.

Die Heilige Gees haal die selfsugtige eie ek uit ons lewens sodat ons ander gelowiges raaksien en dien. Die Heilige Gees gee Sy grootste gawe, die liefde, om my te laat beseef dat ek een van die baie ledemate van die een liggaam van Christus is.

Die Heilige Gees verbind my van die eerste oomblik van my bekering aan God en aan almal wat saam met my in Christus glo. Hy open my oë om ander gelowiges rondom my raak te sien en een met hulle te wees. Hy maak my sensitief om hulle gevoelens en behoeftes in ag te neem. Hy stuur my uit om vir hulle te sorg, hulle te bemoedig, ondersteun en vir hulle te bid. So maak Hy van ons almal saam 'n gesonde en lewenskragtige liggaam waarin die verskillende ledemate in harmonie met mekaar leef, vir mekaar omgee en mekaar opbou.

Binne elke liggaam kan net 2 oë en 1 neus wees. Die voet kan nie sê: "Omdat ek nie hand is nie, hou ek op om deel van die liggaam te wees." Ons het mekaar nodig. God het ons so gemaak. En die een is nie belangriker as die ander nie. Nee, elke ledemaat, jonk en oud, hoe onbenullig sy taak ookal vir ons mag lyk, het Godgegewe gawes waarmee hy/sy hul Godgegewe funksie moet vervul. Niemand anders kan hierdie funksie vervul nie.

In ons gemeente is 'n groot verskeidenheid van persone, gawes en take. Ons kan nie almal sing, preek of onderrig gee nie. As ek dus nie mooi kan sing nie, is ek dankbaar vir ander gelowiges wat wel hulle stemme kan gebruik om my en ander se geloof op te bou. As ek sukkel om te praat, breek ek nie hulle wat kan praat af nie. Ek is dankbaar dat die Here ander gebruik om my geloof te versterk.

Ek fokus in elke geval nie op ander se gawes nie. Ons lees in 1 Kor 12:31: "Lê julle toe op die beste genadegawes." Ek gebruik my gawes voluit om die Here en medegelowiges te dien, te ondersteun en op te bou in liefde. Die een bring sy sangstem, die ander tegniese vaardigheid of finansiële kundigheid of organisasievermoë of 'n slag met kinders en ons dien saam as die een liggaam van Christus. Wanneer elkeen so sy/haar Godgegewe verantwoordelikheid nakom, funksioneer die gemeente as liggaam van Christus voluit.

Amen

[Voorstel vir skakel in kuberamma](#)

Ons het een Heilige Gees as liggaamsbouer. Volgens Sy liggaamsbouer in die kerk gee Hy aan ons almal een of meer gawes. Een gawe is egter nooit belangriker as 'n ander een nie. Die doel van die gawes is om die kollig weg van jouself op God en medegelowiges te laat val. [Ons is een liggaam van Christus.](#)